## 11 Junie - JERIGO

**Skrifgedeelte: Josua 6:1-19**
**Fokusgedeelte: Josua 6:1 & 16**

Jerigo het in die vrugbare vlakte gelê; teenoor Moab, naby die Jordaan. Volgens buite-Bybelse bronne was die stad ongeveer 28 kilometer van Jerusalem en 11 kilometer van die Jordaanrivier af geleë.

Die ligging van die stad Jerigo het ook gemaak dat die stad gebruik is as stoor- of bêreplek vir handel. Verder het Jerigo bekendgestaan vir die sterk vestingsmure waardeur die stad beveilig is.

Vers 1 is nou 'n baie belangrike inleiding wat ons daarop wys dat die inwoners van Jerigo ook in hierdie aanval baie op hulle hoë mure staatgemaak het. Ons lees hier dat Jerigo se poorte gesluit was, en die koning en sy onderdane op hulle wapens en poorte staatgemaak het om die aanval af te weer.

Daarteenoor maak die Israeliete op hulle God staat. Hulle voer stiptelik elke opdrag van hulle God uit, en elke dag doen hulle geduldig wat van hulle verwag word. Die gesindheid van die Israeliete word baie mooi deur die Hebreër-briefskrywer beskryf: *"Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval, nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het"* (Heb 11:30). Geloof in die Almagtige God het gemaak dat die magtige mure van Jerigo inmekaar getuimel het.

Waarop is ons vertroue gestel? Daar is slegs een God, en dit is ook alleen Hy wat die magtige mure van sonde in ons lewe kan afbreek. Dit is waarvoor Hy sy enigste Seun aan die kruis laat sterf het.

Die oorwinning aan die kruis gee ook vir elke gelowige 'n groot oorwinning. Deur Jesus Christus word ons heel gemaak. Stukkende mense word deur sy bloed weer heel en deur die Gees nuut gemaak. Glo en vertrou daarom ook in hierdie dag alleen op Hom.

*Sing: Psalm 91:1* *Ds PJ de Bruyn (Gobabis)*